# VERTROULIK

NAAM VAN KLIËNT: ______________________________________

IDENTITEITS- OF REGISTRASIENOMMER: ______________________

(hierna verwys as "die Kliënt")

VERTEENWOORDIGER: ________________________________________

**PANNAR SEED (EDMS) BEPERK**

**Registrasienommer: 1986/002148/07**

**(hierna verwys as "die Verkoper")**

**AANSOEK OM KREDIETFASILIEITE**

**en, indien aanvaar deur die Verkoper**

**DIE KREDIETOOREENKOMS**

**waarby die**

**STANDAARD VERKOOPSVOORWAARDES**

**geïnkorporeer word**

1. Hierdie dokument bevat die volgende:

   1.1 Aansoek om kredietfasiliteite;
   1.2 Terme en voorwaardes van die aansoek, waaraan die aansoek onderhewig sal wees; en
   1.3 Die standaard verkoopsvoorwaardes van toepassing op die verkoop van die produk.

2. Die terme en voorwaardes van die kredietooreenkoms sal tot stand kom teen goedkeuring van hierdie aansoek deur die Verkoper.

3. Hierdie terme en voorwaardes sal van toepassing wees op alle krediet verleen en verkope gemaak aan die Kliënt te enige tyd na aanvaarding hiervan. Die standaard verkoopsvoorwaardes is vanaf die Verkoper se agent en/of die Verkoper se webwerf beskikbaar (www.pannar.com). Die standaard verkoopsvoorwaardes word, by ooreenkoms, hierby geïnkorporeer en sal geldig en bindend wees op alle transaksies aangegaan met die Verkoper.

4. Die terme en voorwaardes van die kredietooreenkoms sal in werking tree by aanvaarding van hierdie aansoek deur die Verkoper.

5. Die finansiële state van die Kliënt moet in alle gevalle die aansoek vergesel, tesame met getekende Borgakte(s).

6. Die Kliënt gee hiermee toestemming dat die finansiële departement van die Verkoper my/ons jongste geouditeerde finansiële state van my/ons ouditeur mag aanvra.

7. Naam, adres en telefoonnommer van ouditeur: ______________________________

8. Toestemming word hiermee verleen aan die finansiële departement van die Verkoper om die Kliënt se bankbestuurder te kontak indien enige verdere inligting benodig word bv. bankkode.

   Handtekening: ______________________ Datum van hierdie aansoek: ______________________

**VOLTOOI DIE TOEPASLIKE AFDELING**

9. **INDIVIDU**

   Volle name en van: ______________________________

   Identiteitsnommer: ______________________________

   Huwelikstatus:

   Enkel: ☐ Gemeenskap van Goed: ☐

   Huweliksvoorwaardekontrak met Aanwas: ☐ Huweliksvoorwaardekontrak sonder Aanwas: ☐

   Is u ooit voorheen insolvent verklaar? ______________________________

   Indien wel, datum van rehabilitasie: ______________________________

   Staan u borg vir enige individu of instelling? ______________________________

   Heg afskrif van identiteitsdokument aan met indiening hiervan.

10. **PUBLIEKE MAATSKAPPY**

    Naam van maatskappy: ______________________________

    Registrasienommer: ______________________________

    Genoteer ☐ Ongenoteer ☐

11. **STAAT/SEMI-STAAT/KORPORASIE**

    Naam van instelling: ______________________________

    Naam van projek: ______________________________

Verantwoordelike party vir betaling van rekening: ______________________________

Kontakpersoon: ______________________ Paraaf: ______________________

Kontaknommer vir kontakpersoon: ______________________________

12. **ANDER REGSENTITEITE**

Vennootskap: ☐
(Heg Vennootskap Ooreenkoms aan met indiening hiervan)

Beslote Korporasie: ☐
(Heg registrasie dokumente aan met indiening hiervan)

Privaat Maatskappy: ☐
(Heg registrasie dokumente aan met indiening hiervan)

Trust: ☐
(Heg Trustakte en Magtigingsbrief aan met indiening hiervan)

Koöperasie: ☐
(Heg registrasie dokumente aan met indiening hiervan)

Aantal Trustees: ______________________

Naam van regsentiteit: ______________________ Registrasienommer: ______________

Name van filiale: ______________________________

13. **NAME EN ADRESSE VAN VENNOTE, DIREKTEURE, LEDE EN/OF TRUSTEES**

13.1 Volle name: ______________________________

Verhouding met kliënt: ______________________________

Adres: ______________________________

Tel. No.: ______________________ Identiteitsnommer: ______________________

13.2 Volle name: ______________________________

Verhouding met kliënt: ______________________________

Adres: ______________________________

Tel. No.: ______________________ Identiteitsnommer: ______________________

13.3 Volle name: ______________________________

Verhouding met kliënt: ______________________________

Adres: ______________________________

Tel. No.: ______________________ Identiteitsnommer: ______________________

14. **AANSOEK**

Om rekening te open: ☐

Hernuwing van kredietfasiliteit: ☐

15. Het u ’n bestaande rekening by die Verkoper?

Ja ☐ Nee ☐ Indien Ja-Rekeningnommer: ______________________

16. **KONTAK- EN ANDER BESONDERHEDE**

Posadres: ______________________ Telefoonnommer: ______________________

E-pos adres: ______________________ Selfoonnommer: ______________________

Fisiese adres / Geregistreerde adres / Plaasnaam (Nie posadres nie): ____________________________

____________________________________________________________________________

Landdrosdistrik: ______________________ BTW Reg. Nommer: ______________________

BTW Sertifikaat aangeheg: Ja ☐ Nee ☐

Naam van Bank: ______________________ Naam van Bankbestuurder: ______________________

Tak: ______________________ Bank Rekeningnommer: ______________________

Vorige verskaffer van soortgelyke produk: ______________________________________

Vorige aankope van soortgelyke produk: Ten volle betaal? Ja ☐ Nee ☐

Totale jaarlikse gebruik (volume): ______________________________________

17. Kredietfasiliteit benodig– R______________________________________

Maksimum bedrag van enkele bestelling– R______________________________________

18. Die doel van die krediet waarvoor aansoek gedoen word is ______________________________

____________________________________________________________________________

19. **HANDELSVERWYSINGS**

| | **Instansie** | **Dorp** | **Telefoon nr.** | **Rekening nr.** | **Kontakpersoon** |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

20. **BESONDERHEDE VAN ONROERENDE EIENDOM (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| **Eiendomsbeskrywing** | **Totale waardasie Tans(R)** | **Waarde van Verbande** | **Verbandhouer** | **Geregistreerde Eienaar** | **Grootte** |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

21. **BESONDERHEDE VAN ROERENDE BATES (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| **Volledige bate beskrywing** | **Aankoopprys** | **Besonderhede van finansierder** | **Balans verskuldig ten opsigte van finansiering** | **Huidige geskatte waarde van bate** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

22. **BESONDERHEDE VAN ALLE AANDELE EN/OF LEBELANGE (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| **Entiteit** | **Beskrywing** | **Aantal** | **Huidige waarde** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

23. **ANDER INKOMSTE (BYVOORBEELD HUURGELD, RENTE, BETALING VIR DIENSTE) (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| Bron | Bedrag | Datum verskuldig |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

24. **DIVIDENDE (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| Bron | Bedrag | Datum verskuldig |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

25. **BELASTING RABATTE EN/OF TERUGBETALING (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| Beskrywing | Bedrag | Datum verskuldig |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

26. **BESONDERHEDE VAN ALLE KREDIETOOREENKOMSTE AANGEGAAN, INSLUITEND HUUR-KONTRAKTE (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| Kredietgewer | Beskrywing van ooreenkoms | Datum | Totale bedrag | Betalings | Balans |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

27. **BESONDERHEDE VAN ALLE ANDER KREDITEURE (gebruik afsonderlike bladsy indien meer spasie benodig)**

| Krediteur | Totale bedrag | Betalings | Datum van betalings | Sekuriteit Gehou | Agterstallig | Balans |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

28. Indien die Kliënt ŉ maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of trust met drie of meer trustees (dit wil sê ŉ regspersoon) is:

    28.1 Jaarlikse omset van die Kliënt: ______________________________

    28.2 Batewaarde van die Kliënt: ______________________________

29. Die Kliënt bevestig dat hy/sy/hulle hierdie dokumente in ŉ amptelike taal ontvang het wat hy/sy/hulle verkies, kan lees en verstaan.

30. Ten opsigte van alle dokumente wat ingevolge hiervan aan die Kliënt gelewer word, mag die Kliënt die taal van sodanige dokumente kies uit die volgende twee amptelike tale:

    30.1 Afrikaans: ☐ 30.2 Engels: ☐

31. Die Kliënt bevestig dat die geheel van hierdie dokument in gewone taal opgestel is en dat hy/sy/hulle die inhoud, betekenis en gevolge daarvan verstaan en dat die Verkoper die strekking daarvan verduidelik het, <u>alternatiewelik</u> tender die Verkoper om so te doen.

32. Alle dokumente wat aan die Kliënt gelewer moet word mag gelewer word te die kontakbesonderhede van die Kliënt gestipuleer in klousule 16 hierbo.

33. Hierdie aansoek word oorweeg en die uiteindelike kredietooreenkoms (indien van toepassing) aangegaan op die basis en aanname van die egtheid en korrektheid van die inligting verskaf deur die Kliënt. Alle inligting so verskaf is wesenlik en word dit bevestig dat, sou enige inligting foutief wees, daar ernstige gevolge mag wees ten opsigte van die ooreenkoms en/of die Kliënt se regte ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (“NKW”). Die Kliënt waarborg dat hy/sy/hulle al die versoeke vir inligting volledig en eerlik beantwoord het, hetsy in die aansoek om krediet of andersins. Die Kliënt bevestig dat enige versuim om aldus te antwoord die Verkoper se vermoë om potensieel roekelose krediet te beoordeel, daadwerklik mag affekteer.

34. Die Kliënt bevestig en waarborg dat hy/sy/hulle nie oorverskuldig is nie en daartoe in staat is om al sy/haar/hulle verpligtinge onder alle kredietooreenkomste waartoe hy/sy/hulle ŉ party is tydig na te kom, met inagname van die volgende:

34.1 Sy/haar/hulle finansiële vermoëns

34.2 Vooruitsigte

34.3 Verpligtinge

34.4 Geskiedenis van terugbetaling van skuld

35. Die Kliënt bevestig dat hy/sy/hulle sy/haar/hulle risiko, koste en verpligtinge in terme van hierdie kredietooreenkoms besef en verstaan.

36. Indien enige rente betaalbaar is, sal dit bereken word teen 2% per maand, maandeliks saamgestel, vanaf die dag volgend op die datum van betaling. Die partye mag egter skriftelik ooreenkom op ‘n alternatiewe rentekoers.

37. Teen goedkeuring en aanvaarding van hierdie aansoek om krediet deur die Verkoper sal dit ŉ geldige en bindende ooreenkoms daarstel. Sodanige aanvaarding sal bevestig word deur mede-ondertekening van die aansoekvorm deur die Verkoper maar enige versuim om so te doen sal nie die geldigheid van hierdie ooreenkoms affekteer nie. Die Verkoper sal die aanvaarding aan die Kliënt kommunikeer op enige wyse waarvoor hierin voorsiening voor gemaak word.

38. Indien die aansoek om krediet aanvaar word, sal die volgende toepassing vind:

38.1 Die hoofskuld: sodanige kredietbedrag as waarvoor aansoek gedoen is deur die Kliënt en goedgekeur is deur die Verkoper.
38.2 Aanwending van die rekening: As kredietfasiliteit vir die aankoop van die produk vanaf die Verkoper, soos en wanneer bestel deur die Kliënt van tyd tot tyd.
38.3 Die rentekoers: soos uiteengesit in klousule 36.
38.4 Totale koste van die voorgestelde ooreenkoms: Hoofskuld, rente en vervoerkoste, soos en wanneer goedgekeur.

39. Die partye wys die volgende adresse as hulle onderskeie *domicilia citandi et executandi* aan:

39.1 Die Verkoper:
39.1.1 Fisiese adres: Hildesheim, Pietermaritzburgpad, Greytown, Kwazulu-Natal Provinsie; en
39.1.2 Epos adres: rene.vanderwesthuizen@corteva.com

39.2 Die Kliënt:
39.2.1 Fisiese adres: ____________________________________________________; en
39.2.2 Epos adres(se): ____________________________________________________.

40. Die Kliënt sal aanspreeklik wees vir betaling van die volgende koste van krediet:

40.1 Hoofskuld: Soos aangedui; en
40.2 Rente: Soos aangedui.

41. Die Verkoper se betaalterme is streng betaling teen die betaaldatum soos gestipuleer op ‘n faktuur alternatiewelik en slegs indien ‘n betaaldatum nie gestipuleer word op ‘n faktuur nie, moet betaling binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van die staat waarop ‘n faktuur die eerste maal verskyn, geskied.

42. Die Kliënt het _____ jaar toepaslike besigheidservaring en bevestig dat hy/sy/hulle ten volle op hoogte is met die risiko’s verwant aan sodanige bedrywighede en hierdie krediet.

43. Die Kliënt onderneem om heraansoek te doen om kredietfasiliteite te enige tyd indien daartoe versoek deur die Verkoper.

44. Ingeval die Verkoper ŉ fasiliteit aan die Kliënt toestaan, sal die Verkoper na hulle onbelemmerde diskresie geregtig wees om dit te enige tyd met onmiddellike effek te onttrek.

45. **Indien die bepalings van die Verbruikersbeskermingswet, Wet 68 van 2008, soos gewysig ("die VB Wet") en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig van toepassing is op die produk wat die onderwerp van hierdie kredietooreenkoms vorm, sal die bepalings van die VB Wet en Regulasies in alle gevalle van teenstrydigheid met die terme en voorwaardes van die Standaard Verkoopsvoorwaardes, voorrang geniet**.

46. Indien hierdie ooreenkoms nie onderhewig is aan die NKW nie, hetsy in die geheel, hetsy gedeeltelik, sal die blote verwysing na die NKW hierbo, nie enige bepaling van die NKW van toepassing maak indien dit nie andersins van toepassing is nie.

47. Die Kliënt stem toe (ingevolge Artikel 45 van die Landdroshofwet, Wet 32 van 1944, of enige wysiging daarvan of vervangende wetgewing ten opsigte daarvan) tot die jurisdiksie van die Distrikshof of Streekhof wat jurisdiksie in terme van Artikel 28(1) van die gemelde wet oor die Kliënt mag hê, nieteenstaande die waarde van die eisbedrag en of dit sodanige hof se monetêre jurisdiksie oorskry nie. Die Verkoper mag nieteenstaande bogemelde toestemming, binne hulle uitsluitlike diskresie, enige aksie in die toepaslike Hoë Hof met jurisdiksie instel.

48. Geen wysiging van die kredietooreenkoms (wanneer tot stand gekom) of die klousule 48 sal geldig en afdwingbaar wees, tensy dit op skrif gestel word en deur of namens die partye, behoorlik daartoe gevolmagtig, onderteken word.

49. Geen tegemoetkoming en/of versuim om die kredietooreenkoms (wanneer tot stand gekom) deur die Verkoper uit te voer sal vertolk word as 'n afstanddoening van enige regte van die Verkoper en/of stiptelike afdwinging verhinder.

Geteken te ______________________________ hierdie _____ dag van _____________________ 20_____

___________________________________ Naam: __________________________________

(Handtekening van die Kliënt of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger) (DRUKSKRIF) DIE KLIËNT

Posbenaming: __________________________________

GETUIE:

Volle naam: ___________________________________________ ___________________________

Bevestig hiermee dat die Kliënt in my teenwoordigheid onderteken het. (Handtekening)

GETUIE:

Volle naam: ___________________________________________ ___________________________

Bevestig hiermee dat die Kliënt in my teenwoordigheid onderteken het. (Handtekening)

Geteken te ______________________________ hierdie _____ dag van _____________________ 20_____

___________________________________ Naam: __________________________________

(Handtekening van die Verkoper se gemagtigde verteenwoordiger) (DRUKSKRIF)

Posbenaming: __________________________________

# BORGAKTE

Ek/ons, die ondergetekende(s), (volle name) ________________________________________________ ____________________________________________________________________ (hierna “die Borg(e)” genoem) verbind my/ons hiermee ten gunste van Pannar Seed (Edms.) Bpk. (Registrasienommer: 1986/002148/07) (hierna “die Krediteur” genoem) vir en namens ____________________________________ (Registrasienommer: ________________) (regsentiteit of firma) (hierna “die Hoofskuldenaar” genoem) as borg en medehoofskuldenaar gesamentlik en afsonderlik met mekaar vir die behoorlike en stiptelike nakoming van enige verpligting deur die Hoofskuldenaar van welke aard ook al aan die Krediteur en doen hiermee afstand van enige en elke eksepsie wat andersins aan my/ons beskikbaar is teen die Krediteur en in die besonder, die voordele van uitskudding en verdeling en die eksepsies *de duobos vel pluribus reis debendi*, *non causa debiti*, *non numeratae pecuniae, erroris calculi* en hersiening van rekeninge en erken ek/ons dat ek/ons ten volle met die aard, krag en werking daarvan vertroud is.

Indien die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 op die kredietooreenkoms van toepassing is sal die afstanddoening ten opsigte van *exceptio erroris calculi, exceptio non numeratae pecuniae* en *exceptio non causa debiti* nie geld nie.

Ek/ons kies hiermee my/ons *domicilium citandi et executandi* te: ________________________________ ________________________________________________________________________________.

Ek/ons stem hiermee toe (ingevolge Artikel 45 van die Landdroshofwet, Wet 32 van 1944, of enige wysiging daarvan of vervangende wetgewing ten opsigte daarvan) tot die jurisdiksie van die Distrikshof of Streekhof vir die instel van enige regsaksie wat die Krediteur teen die Hoofskuldenaar mag instel vir die invordering van die uitstaande balans en rente verskuldig ingevolge hiervan. Die Krediteur mag nietemin regstappe instel in ŉ Hoë Hof met jurisdiksie en die Hoofskuldenaar stem eweneens daartoe in.

Indien hierdie borgakte voorsiening maak vir meer as een borg maar alle borge nie hierdie borgakte onderteken nie, bly die borge wat dit wel teken aanspreeklik.

GETEKEN te ____________________ op hierdie _____ dag van ____________ 20___.

Borg: _________________________________ Fisiese adres: _________________________________

(Identiteitsnommer: _______________________)

Borg: _________________________________ Fisiese adres: _________________________________

(Identiteitsnommer: _______________________)

Borg: _________________________________ Fisiese adres: _________________________________

(Identiteitsnommer: _______________________)

Ek as getuie (volle name) _________________________________________________________ bevestig dat die bogemelde borge die Borgakte in my teenwoordigheid onderteken het.

Getuie: ____________________ Fisiese adres: __________________________________________

**VERDUIDELIKING VAN EKSEPSIES EN VOORDELE WAARVAN BORGE AFSTAND DOEN DEUR ONDERTEKENING VAN BORGAKTE:**

- **BENEFICIUM EXCUSSIONIS:**
  Die voordeel in terme waarvan die Borg mag eis dat die Krediteur eers die Hoofskuldenaar aanspreek vir nakoming van prestasie, voordat die Borg aanspreeklik sal wees.
- **EXCEPTIO NON NUMERATAE PECUNIAE:** (Geen waarde ontvang)
  Die eksepsie wat ŉ borg kan opwerp dat hulle geen geld, produk of ander voordeel ontvang het nie.
- **EXCEPTIO NON CAUSA DEBITI:**
  Die verweer wat ŉ borg kan opper dat daar geen causa (skuldoorsaak) vir hulle verpligting in terme van die Borgakte bestaan nie.
- **BENEFICIUM DIVISIONIS:**
  Die voordeel tot beskikking van meerdere borge wat dieselfde skuld waarborg, in terme waarvan ŉ borg wat deur die Krediteur vir die volle prestasie aangespreek word, kan eis dat hulle slegs hulle pro-rata gedeelte moet presteer, inaggenome die getal van ander borge en dat hulle nie die volle skuld hoef te betaal nie.
- **ERRORIS CALCULI:**
  Die verweer wat die Borg kan opper dat die verskuldigde bedrag foutiewelik bereken of saamgestel is.
- **BENEFICIUM DE DOUBUS VEL PLURIBUS REIS DEBENDI:**
  Waar ŉ aantal borge hulle self gesamentlik met mekaar maar NIE afsonderlik van mekaar as borge verbind nie, kan ŉ borg hierdie verweer opper en aanvoer dat hulle slegs aanspreeklik is vir sulle deel van die totale skuld.

**PANNAR SEED (EDMS) BEPERK**
**Registrasienommer: 1986/002148/07**

## STANDAARD VERKOOPSVOORWAARDES

1. Hierdie standaard verkoopsvoorwaardes sal van toepassing wees op alle bestellings en/of verkope van produk en die lewering van dienste deur die Verkoper aan die Kliënt, insluitend alle bestellings en wysigings daarvan, asook alle lewerings en betalings.

2. OPSKRIFTE VAN KLOUSULES:
Die opskrifte van klousules in hierdie Standaard Verkoopvoorwaardes is slegs vir verwysings-doeleindes ingevoeg en sal nie by die uitleg van die ooreenkoms gebruik word nie.

3. Die Verkoper verkoop produk en lewer dienste aan kliënte (verbruikers) wat:
3.1 onderhewig is aan die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 ("VBW"); of
3.2 buite die trefwydte van die VBW val.

4. Die VBW bevat bepalings wat slegs van toepassing is op kliënte onderhewig aan die VBW, welke bepalings nie van toepassing is op kliënte wat buite die trefwydte van die VBW val nie.

5. Gerieflikheidshalwe bevat hierdie standaard verkoopsvoorwaardes die volgende drie stelle klousules:
5.1 Klousules van toepassing op alle kliënte, ongeag of hulle aan die VBW onderhewig is, te wete klousules 1 tot 23, 39 tot 44;
5.2 Klousules slegs van toepassing op kliënte wat buite die trefwydte van die VBW val, te wete klousules 24 tot 30; en
5.3 Klousules slegs van toepassing op kliënte wat aan die VBW onderhewig is, te wete klousules 31 tot 38.

6. Hierdie drie stelle klousules is duidelik onderskei en die Kliënt bevestig dat hy/sy/hulle bewus is van hierdie onderskeid.

7. Die VBW is nie van toepassing op 'n regspersoon met bates of 'n jaarlikse omset van meer as R2 miljoen nie. Ingevolge die VBW sluit 'n regspersoon 'n maatskappy, beslote korporasie, vennootskap en trust in.

8. Die Kliënt bevestig dat hy/sy/hulle:
8.1 in staat is om te bepaal of hy/sy/hulle onderhewig is aan die VBW en derhalwe in staat is om die klousules te identifiseer wat op die Kliënt van toepassing is; of
8.2 alternatiewelik bewus is daarvan dat hy/sy/hulle die Verkoper mag nader vir advies en bevestiging van die toepaslikheid van die VBW.

9. KLIËNTE ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG DAT DIE KLOUSULES OP HULLE VAN TOEPASSING MAG:
9.1 DIE RISIKO EN AANSPREEKLIKHEID VAN DIE VERKOPER BEPERK;
9.2 BEPAAL DAT DIE KLIËNT 'N RISIKO AANVAAR;
9.3 MEEBRING DAT DIE KLIËNT DIE VERKOPER VRYWAAR; en/of
9.4 FEITELIKE ERKENNINGS DEUR DIE KLIËNT BEVAT.

10. DIE KLIËNT ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG DAT HY/SY/HULLE BEWUS IS VAN DIE KLOUSULES IN KLOUSULE 9 NA VERWYS, INSTEM OM AAN SODANIGE KLOUSULES GEBONDE TE WEES EN BEVESTIG DAT HY/SY/HULLE DIE INHOUD EN EFFEK VAN SODANIGE KLOUSULES VERSTAAN; ALTERNATIEWELIK DAT HY/SY/HULLE BEWUS IS DAARVAN DAT DIE VERKOPER AANBIED OM SODANIGE KLOUSULES AAN DIE KLIËNT TE VERDUIDELIK, INDIEN ENIGE KLOUSULE ONDUIDELIK MAG WEES.

11. DIE KLIËNT ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG SY/HAAR KENNIS VAN EN INSTEMMING TOT SODANIGE KLOUSULES.

## TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP ALLE KLIËNTE

12. DIE PARTYE:
12.1 Die Verkoper van die produk met besonderhede soos vervat in die aansoek om krediet is Pannar Seed (Edms.) Bpk. (Registrasienommer: 1986/002148/07).
12.2 Die koper van die produk, synde die Kliënt, se besonderhede word vervat in die aansoek om krediet.
12.3 Die ondertekenaars van die aansoek om krediet en hierdie standaard verkoopsvoorwaardes waarborg dat hulle behoorlik gemagtig is om hulle prinsipale te verteenwoordig en om hierdie ooreenkoms aan te gaan.
12.4 Die Kliënt bevestig sy/haar/hulle regsaard en besonderhede vervat in die aansoek om krediet. Indien enige van hierdie besonderhede verander, is die Kliënt verplig om die Verkoper skriftelik daarvan in kennis te stel.

13. <u>DIE PRODUK</u>:

13.1 Die produk van tyd tot tyd verkoop word beskryf in die bestelling deur die Kliënt geplaas en/of die afleweringsnota en/of faktuur.

13.2 Die Verkoper sal geregtig maar nie verplig wees om produk mondelings deur die Kliënt bestel, te verkoop en te lewer, in welke geval sodanige lewering bindend sal wees op die Kliënt, tensy die Kliënt binne 5 (vyf) besigheidsdae beswaar aanteken teen sodanige lewering.

13.3 Aanvaarding van die Kliënt se bestelling deur die Verkoper vind plaas wanneer die Verkoper sodanige bestelling skriftelik aanvaar en/of uitvoer. Die plek van aanvaarding, wat as die plek van kontraksluiting geag sal word, sal daardie plek wees waar die Verkoper die Kliënt se bestelling aanvaar.

13.4 Indien ŉ bestelling deur die Kliënt geplaas word, sal sodanige bestelling ŉ onherroeplike aanbod om die betrokke produk aan te koop daarstel en die aanvaarding van sodanige aanbod/bestelling deur die Verkoper sal ŉ geldige kooptransaksie daarstel op die standaard verkoopsvoorwaardes hierin uiteengesit. Enige voorwaardes aangeheg by of vervat in sodanige bestelling van die Kliënt wat teenstrydig is met die terme en voorwaardes hiervan, word uitdruklik uitgesluit.

13.5 Geen bestelling wat deur die Verkoper aanvaar is, mag deur die Kliënt gekanselleer word nie, tensy die Verkoper vooraf skriftelik daartoe toestem.

13.6 Die Kliënt is verantwoordelik daarvoor om die akkuraatheid van enige bestelling deur hom/haar/hulle geplaas, te verseker.

14. <u>DIE PRYSE</u>:

14.1 Die koopprys betaalbaar ten opsigte van die produk bestel deur die Kliënt, sal die Verkoper se lysprys wees soos op datum van lewering van die betrokke produk, tensy die partye ŉ skriftelike ooreenkoms aangaan, behoorlik deur beide party onderteken, met betrekking tot ‘n korting op sodanige lysprys en/of ŉ ander prys.

14.2 Die gemelde pryse sluit addisionele koste uit, soos vervoerkoste. Sodanige addisionele koste sal afsonderlik van die koopprys ooreengekom en/of aangedui word.

14.3 Die Kliënt is, bo en behalwe die koopprys van die produk, aanspreeklik vir die betaling van vervoerkoste aangegaan ten opsigte van die vervoer van die produk na die plek van sodanige aflewering, tensy skriftelik anders ooreengekom.

15. <u>BETALING VAN KOOPPRYS</u>:

15.1 Elke lewering sal beskou word as ŉ onafhanklike ooreenkoms en sal ŉ faktuur by lewering aan die Kliënt uitgereik word ten opsigte van die koopprys en vervoerkoste, indien van toepassing.

15.2 Die Verkoper se betaalterme is streng betaling teen die betaaldatum soos gestipuleer op ‘n faktuur alternatiewelik en slegs indien ‘n betaaldatum nie gestipuleer word op ‘n faktuur nie, moet betaling binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van staat waarop ‘n faktuur die eerste maal verskyn, geskied.

15.3 Die partye bevestig dat kortings aan die Kliënt toegestaan mag word as *quid pro quo* vir tydige betaling. Indien die Kliënt sou versuim om tydig betaling te maak, sal alle kortings voorheen toegestaan verval en die volle bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees deur die Kliënt. Die Verkoper sal gevolglik die Kliënt dienooreenkomstig faktureer vir enige kortings voorheen op ŉ transaksie toegestaan.

15.4 Indien die partye ŉ skriftelike ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan betaling geskied op ander terme as wat in klousule 15.2 hierbo vervat is en die Kliënt is in versuim om enige betaling ooreenkomstig sodanige skriftelike ooreenkoms te maak, sal die volle uitstaande balans op datum van sodanige versuim, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.

15.5 Die Kliënt sal aanspreeklik wees vir betaling van versuimsrente op enige uitstaande bedrag teen 2% per maand, maandeliks saamgestel, bereken vanaf die dag volgend op die betaaldatum tot en met volle vereffening, tensy skriftelik anders ooreengekom.

15.6 Indien enige faktuur nie op die betaaldatum vereffen is nie of indien die Verkoper op enige stadium nie met die finansiële posisie van die Kliënt tevrede is nie, is die Verkoper geregtig om verdere lewerings te weier en na hulle diskresie onmiddellike betaling te eis ten opsigte van daardie produk wat reeds aan die Kliënt gelewer is. Die Verkoper sal geregtig wees om van die Kliënt te vereis om die Verkoper tevrede te stel dat die Kliënt sy/haar/hulle verpligtinge ten opsigte van vorige en toekomstige kooppryse sal nakom. Die inhoud van hierdie klousule 15.6 sal egter geensins afbreuk doen aan enige van die Verkoper se ander regte wat hulle regtens mag hê nie.

15.7 Alle betalings sal eerstens aangewend word teen rente, daarna teen enige regskoste en daarna teen die kapitaal verskuldig ten opsigte van verkope van die produk.

15.8 Die koopprys sal deur die Kliënt aan die Verkoper betaal word sonder enige aftrekking hoegenaamd, vry van wisselkoers, voor of op die betaaldatum.

15.9 Indien daar enige dispuut oor die presiese prys betaalbaar deur die Kliënt aan die Verkoper ontstaan, sal die Verkoper se standaard lysprys vir die produk van toepassing op datum van lewering van die bestelling, die koopprys van die produk wees en welke pryslys beskikbaar is vir inspeksie deur die Kliënt. Indien die pryse ten tye van ondertekening van die bestelling nog nie bepaal is nie sal die Verkoper die pryse aan die Kliënt voorsien sodra dit vasgestel is. Die Kliënt het 7 (sewe) dae daarna geleentheid om die pryse te aanvaar of te verwerp.

15.10 Die Verkoper sal geregtig wees om enige betaling vanaf die Kliënt ontvang, aan te wend vir enige

aanspreeklikheid van die Kliënt teenoor die Verkoper, ten opsigte van enige verkope van produk.

16. LEWERING:

16.1 Lewering sal geskied by die perseel van die Verkoper, tensy skriftelik anders ooreengekom en onderhewig aan hierdie klousule 16.

16.2 Tensy die partye anders ooreenkom, vind lewering van die produk plaas wanneer die betrokke produk op die wa, rytuig of voertuig van die vervoerkontrakteur gelaai word, in gevalle waar die Kliënt met sodanige vervoerkontrakteur gekontrakteer het. Sodanige vervoerkontrakteur sal die Kliënt se agent wees en lewering aan die vervoerkontrakteur sal geag word behoorlike en voldoende lewering aan die Kliënt te wees.

16.3 Indien die Verkoper met die betrokke vervoerkontrakteur kontrakteer, vind lewering plaas wanneer die produk te die perseel aangedui in die bestelling afgelaai is.

16.4 Indien vergoeding betaalbaar is vir vervoer van die produk, is sodanige vergoeding betaalbaar voordat lewering plaasvind, tensy die produk aangekoop word op ŉ goedgekeurde debiteurerekening, in welke geval vergoeding vir die vervoer betaalbaar sal wees wanneer die koopprys ten opsigte van die produk betaalbaar is.

16.5 Die Kliënt stem daartoe in om te verseker dat die Kliënt of ŉ gevolmagtigde individu teenwoordig sal wees om lewering te ontvang en die leweringsbewys te onderteken en waarborg die volmag van sodanige individu om aldus te ontvang en onderteken.

16.6 Die ondertekening van die afleweringsnota deur die Kliënt sal aanvaarding van die inhoud van die afleweringsnota daarstel, onderhewig aan die verdere terme van hierdie ooreenkoms. Ongeag ondertekening van die afleweringsnota deur die Kliënt al dan nie, sal die Kliënt desnieteenstaande verplig wees om enige dispuut oor die inhoud daarvan en/of oor die lewering, binne 5 (vyf) dae na lewering aan te teken en skriftelik aan die Verkoper te voorsien, by versuim waarvan die afleweringsnota *prima facie* aanvaarding van die inhoud daarvan en/of van die lewering daar sal stel. Die Kliënt bevestig dat die beperking van ŉ 5 (vyf) dag periode redelikerwys noodsaaklik is, ten einde die Verkoper in staat te stel om betyds sodanige dispuut te ondersoek, verifieer en beslis.

16.7 Om dieselfde redes sal die Verkoper nie aanspreeklik wees vir enige skade aan die produk veroorsaak gedurende lewering nie, tensy die Verkoper insgelyks binne 5 (vyf) dae na lewering skriftelik aldus ingelig word nie.

17. GEHALTE:

Die Verkoper sal toesien dat die produk voldoen aan die beskrywing daarvan, soos van regsweë vereis.

18. EIENDOMSREG EN RISIKO:

18.1 Eiendomsreg van die produk sal slegs teen betaling van die volle koopprys na die Kliënt oorgaan. Indien die Kliënt sou versuim om tydig te betaal, sal die Verkoper met nakoming van ŉ behoorlike regsproses, geregtig maar nie verplig wees om die teruglewering van die produk te aanvaar nie.

18.2 Risiko ten opsigte van verlies of skade aan die produk gaan op die Kliënt oor by lewering. Die Kliënt sal alle redelike voorsorg tref ten einde die veilige bewaring, stoor en hantering van die produk te verseker.

19. KONTRAKBREUK:

19.1 Die Verkoper is geregtig om hierdie ooreenkoms onmiddellik te kanselleer indien enige vonnis teen die Kliënt toegestaan word of indien die Kliënt enige statutêre daad van insolvensie pleeg.

19.2 Indien die Kliënt in versuim is om enige van die terme en voorwaardes hiervan en/of andersins ooreengekom deur die partye stiptelik na te kom, sal die Verkoper geregtig wees om onmiddellik betaling en/of prestasie deur die Kliënt van al die Kliënt se verpligtinge te eis, ongeag of sodanige betaling en/of prestasie reeds verskuldig is en in elk geval sonder benadeling van die Verkoper se reg om die ooreenkoms te beëindig en skade te eis. Voorgaande is sonder benadeling van sodanige ander regte soos wat die Verkoper regtens mag hê en onderhewig aan Artikels 129 en 130 van die NKW, indien die NKW van toepassing sou wees.

19.3 Die Kliënt stem toe (ingevolge Artikel 45 van die Landdroshofwet, Wet 32 van 1944, of enige wysiging daarvan of vervangende wetgewing ten opsigte daarvan) tot die jurisdiksie van die Distrikshof of Streekhof wat jurisdiksie in terme van Artikel 28(1) van die gemelde wet oor die Kliënt mag hê, nieteenstaande die waarde van die eisbedrag en of dit sodanige hof se monetêre jurisdiksie oorskry nie. Die Verkoper mag nieteenstaande bogemelde toestemming, binne hulle uitsluitlike diskresie enige aksie in die toepaslike Hoë Hof met jurisdiksie instel.

20. KENNISGEWINGS EN DOMICILIA:

20.1 Die partye kies as hulle *domicilia citandi et executandi* hulle onderskeie adresse soos uiteengesit in hierdie klousule vir alle doeleindes voortspruitend uit of in verband met hierdie ooreenkoms, by welke adresse alle prosesse en kennisgewings voortspruitend uit of in verband met hierdie ooreenkoms, die verbreking of beëindiging daarvan, regsgeldiglik op die partye beteken en aan hulle afgelewer mag word.

20.2 Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms is die Verkoper se adresse:

20.2.1 Fisiese adres: Hildesheim, Pietermaritzburgpad, Greytown, Kwazulu-Natal Provinsie; en

20.2.2 Epos adres: rene.vanderwesthuizen@corteva.com.

20.3 Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms is die Kliënt se adresse (fisies en epos) die adresse soos na verwys in

klousule 16 van die aansoek om krediet.

21. FORCE MAJEURE:

21.1 Die Verkoper sal nie teenoor die Kliënt aanspreeklik wees vir enige verlies, skade of besering indien die Verkoper versuim om enige verpligting in terme van hierdie ooreenkoms na te kom en daardie versuim nie veroorsaak is deur enige gebeurlikheid hoegenaamd buite die beheer van die Verkoper nie, insluitend maar nie beperk nie tot arbeidsregtelike optrede, ongeluk, kragonderbreking, pandemie, bevel deur enige regeringsliggaam. Die Verkoper sal op die vroegste moontlike geleentheid skriftelike kennis gee van sodanige gebeurtenis.

21.2 Indien die Verkoper as gevolg van enige gebeurtenis soos bedoel in klousule 21.1 hierbo, verhoed of vertraag word om die produk op die ooreengekome tydstip aan die Kliënt te lewer, mag die Verkoper, nadat hulle so spoedig doenlik aan die Kliënt skriftelik kennis daarvan gegee het, lewerings weerhou, uitstel of verminder tot die mate wat die Verkoper goedvind.

22. SESSIE VAN EISE AS SEKURITEIT:

Die Kliënt sedeer hiermee alle boekskulde en/of ander eise wat huidiglik aan hom/haar/hulle verskuldig is en wat in die toekoms aan hom/haar/hulle verskuldig mag wees, aan die Verkoper as sekuriteit vir die behoorlike nakoming van die Kliënt se verpligtinge teenoor die Verkoper, voortspruitend uit welke skuldoorsaak ook al en vir welke bedrag nou reeds opeisbaar en betaalbaar of wat in die toekoms opeisbaar en betaalbaar mag wees. Hierdie sessie is nie beperk nie tot, maar sluit enige bedrag in wat aan die Kliënt verskuldig mag raak uit die verkoop van enige landboukundige produkte.

23. ALGEMENE KLOUSULES:

23.1 Dit word op rekord geplaas dat bestellings aanvaar en die produk gelewer sal word onderhewig aan die terme en voorwaardes hierin vervat.

23.2 Hierdie ooreenkoms bevat die gehele ooreenkoms tussen die partye. Geen afwyking, wysiging, byvoeging of konsensuele kansellasie van die ooreenkoms of enige voorwaarde of term hiervan, insluitende die klousule 23.2 of enige ander dokument uitgereik of uitgevoer uit hoofde van of ingevolge hierdie ooreenkoms, sal bindend wees of enige regskrag of regseffek hê, tensy op skrif gestel en onderteken deur of namens die partye, behoorlik daartoe gevolmagtig.

23.3 Geen verslapping of tegemoetkoming, insluitend die aanvaarding van laat betalings, deur die Verkoper, sal geag word ŉ afstanddoening te wees deur die Verkoper van enige van hulle regte om stiptelike nakoming deur die Kliënt van enige van sy/haar/hulle verpligtinge in terme hiervan af te dwing en sodanige verslapping of tegemoetkoming sal nie geag word ŉ novasie van enige van die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms te wees nie.

23.4 Geen verteenwoordiger, agent of verkoopsman van die Verkoper beskik oor enige volmag om enige term of voorwaarde hiervan te wysig of om enige voorstelling namens die Verkoper te maak nie. Geen beweerde wysiging van enige term of voorwaarde hiervan sal enige regskrag hê nie, tensy sodanige wysiging op skrif gestel en onderteken is deur ŉ gevolmagtigde verteenwoordiger van die Verkoper.

23.5 Indien enige klousule of term van hierdie ooreenkoms om enige rede hoegenaamd ongeldig, onafdwingbaar, gebrekkig of onwettig sou wees, sal die oorblywende terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms deelbaar geag te wees en sal voortgaan om regskrag en regseffek te hê.

23.6 Die Kliënt mag nie enige van sy/haar/hulle regte of verpligtinge ingevolge hiervan sedeer of oordra sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verkoper nie.

23.7 Geen verwysing na die NKW en/of die VBW sal uit hoofde van sodanige verwysing en/of konsensus en/of inkorporasie, sodanige wetgewing op hierdie ooreenkoms en/of die Kliënt van toepassing maak, indien sodanige wetgewing nie andersins deur regswerking aldus van toepassing is nie.

**KLOUSULES VAN TOEPASSING INDIEN DIE KLIËNT NIE AAN DIE VBW ONDERHEWIG IS NIE**

24. WAARBORGE EN TERUGGAWE:

24.1 Tensy die teendeel in ŉ skriftelike waarborg van die Verkoper gestel word, sal die verkoop van die produk geskied vry van alle voorwaardes en waarborge, hetsy statutêr, gemeenregtelik of andersins, ten opsigte van die gehalte en geskiktheid vir enige doel.

24.2 Enige aanbeveling of advies verskaf deur of namens die Verkoper word in goedertrou verskaf, maar doen die Verkoper nie daardeur enige aanspreeklikheid op nie. Die gebruik van die produk is geheel en al die verantwoordelikheid van die Kliënt en sal die Kliënt nie op enige mededeling van die Verkoper ten opsigte van sodanige gebruik kan staatmaak nie.

24.3 Die Verkoper sal nie aanspreeklik wees vir enige spesiale en/of gevolgskade gely deur die Kliënt nie. Die Verkoper se aanspreeklikheid sal in elke en alle gevalle waar die Verkoper aanspreeklik mag wees, beperk wees tot vervanging van die defektiewe produk of terugbetaling van die koopprys, welke keuse deur die Verkoper uitgevoer sal word.

24.4 Dit word op rekord geplaas dat sodra die produk verkoop en gelewer is ingevolge die bestelling, sal sodanige produk slegs met die Verkoper se skriftelike toestemming teruggeneem word.

25. <u>INDIEN VAN EISE</u>:

25.1 Die Kliënt sal geregtig wees om die produk onmiddellik teen ontvangs daarvan te inspekteer en sal binne 5 (vyf) dae vanaf die datum van lewering daarvan die Verkoper skriftelik in kennis stel van enige tekorte, foutiewe produk of defekte in die produk.

25.2 Indien die Kliënt sou versuim om die kennisgewing na verwys in klousule 25.1 hierbo te voorsien, sal die hoeveelheid en gehalte van die gelewerde produk *prima facie* geag word gelewer te wees vry van defekte, ooreenkomstig hierdie standaard verkoopsvoorwaardes.

25.3 Indien die Kliënt aan die Verkoper kennis gee ooreenkomstig klousule 25.1 hierbo en indien die Verkoper tevrede is dat die produk foutief is, sal die Verkoper die produk vervang met produk van dieselfde gehalte soos aanvanklik ooreengekom.

26. <u>LEWERING</u>:

26.1 Die Verkoper waarborg nie lewering op ŉ spesifieke datum nie, maar sal poog om lewering te bewerkstellig so na as moontlik aan die datum van die bestelling en/of aanvaarding daarvan. Die Kliënt sal nie geregtig wees om die koop te repudieer of te onttrek op grond van laat- of nie-lewering nie, of om die Verkoper in *mora* te plaas met betrekking tot lewering van die produk en sal die Verkoper nie aanspreeklik wees vir skade gely deur die Kliënt in die geval van laat of nie-lewering deur die Verkoper nie.

26.2 Die produk gereflekteer op ŉ afleweringsnota sal geag word ŉ ooreengekome wysiging van die bestelling te wees, in die mate wat dit van die betrokke bestelling verskil, tensy die Kliënt sodanige produk binne 5 (vyf) dae vanaf ontvangs daarvan skriftelik weier.

27. <u>AANSPREEKLIKHEID EN AFSTANDDOENING</u>:

27.1 Die Kliënt doen afstand van enige eis vir verlies, skade of aanspreeklikheid wat hy/sy/hulle mag hê teen die Verkoper voortspruitend uit, maar nie daartoe beperk nie, eise gebaseer op die ongeskiktheid van die produk vir die Kliënt se doeleindes.

27.2 Onderhewig aan die inhoud van klousule 27.1 hierbo sal die Verkoper nie aanspreeklik wees vir enige kontraktuele, deliktuele en/of gevolgskade nie, insluitend maar nie daartoe beperk nie, verlies aan wins en verlies aan produksie voortspruitend uit enige beweerde gebrek en/of ongeskiktheid van die produk en/of enige laat of nie-lewering daarvan. Die Verkoper se aanspreeklikheid sal onder alle omstandigheid en ongeag die wyse waarop dit ontstaan, in die Verkoper se uitsluitlike diskresie, beperk wees tot die vervanging van die betrokke produk teen geen koste vir die Kliënt alternatiewelik terugbetaling van die koopprys ontvang vanaf die Kliënt, aan die Kliënt.

27.3 Die Kliënt vrywaar die Verkoper verder teen:

27.3.1 Enige nalatige en/of opsetlike doen of late deur die Kliënt of sy werknemers of kontrakteurs met betrekking tot die produk of die gebruik van die produk;

27.3.2 Enige verlies, skade (insluitend gevolgskade) of aanspreeklikheid veroorsaak deur of voortspruitend uit, sonder beperking, die gebruik, vervoer of stoor van die produk na lewering daarvan aan die Kliënt;

27.3.3 Enige verlies, skade (insluitend gevolgskade), dood van of besering aan derdes voortspruitend uit die Kliënt se versuim om sodanige derdes van inligting te voorsien ten opsigte van, sonder beperking, inherente gevare, korrekte gebruik en stoor van die produk en/of die Kliënt se versuim om alle redelike en nodige stappe te neem om sodanige gebeure tydens die gebruik en stoor van die produk deur die Kliënt te verhoed; en

27.3.4 Enige verlies of skade (insluitend gevolgskade) veroorsaak deur of voortspruitend uit ŉ verbreking van enige waarborg.

28. <u>WAARBORG VAN DIE KLIËNT TEN OPSIGTE VAN DIE PRODUK</u>:

Die Kliënt waarborg dat hy/sy/hulle bekend is met die gebruik, eienskappe en inherente gevare verbonde aan die produk en waarborg voorts dat hy/sy/hulle alle statutêre vereistes nagekom het en in besit is van die nodige permitte, magtigings en ander amptelike dokumente wat vereis word vir die hantering, aankoop, stoor, vervoer, en/of gebruik van die produk (indien enige).

29. <u>VERSUIM OM REKENINGE TE BETWIS</u>:

Indien die Kliënt in versuim is om beswaar te maak teen enige inskrywing op ŉ maandstaat binne 90 (negentig) dae vanaf die datum daarvan, sal die inskrywings daarop as korrek aanvaar word en sal dit afdoende bewys daarstel van die korrektheid van sodanige inskrywings.

30. <u>REGSKOSTE</u>:

Indien die Verkoper regsaksie teen die Kliënt instel voortspruitend uit enige verkoopooreenkoms, sal die Kliënt aanspreeklik wees vir die betaling van die Verkoper se regskoste op ŉ prokureur-en-eie-kliëntskaal.

**<u>KLOUSULES VAN TOEPASSING INDIEN DIE VBW OP DIE KLIËNT VAN TOEPASSING IS</u>**

31. <u>LEWERING</u>:

31.1 Die Verkoper sal nie aanspreeklik wees vir enige skade gely deur die Kliënt as gevolg van die laat of nie-lewering van enige produk nie, behalwe in die mate wat die Verkoper aanspreeklik mag wees vir verliese ingevolge die bepalings van Artikel 47 van die VBW, in die geval van enige tekorte van die produk.

31.2 Indien enige produk verkeerdelik afgelewer word, sal die Kliënt binne 10 (tien) besigheidsdae na lewering, die Verkoper aldus in kennis stel, in welke geval die Verkoper binne 20 (twintig) besigheidsdae die foutiewe lewering mag terugneem.

32. GEHALTE:

In die geval van enige bewering dat die produk defektief is, sal die Verkoper nie aanspreeklik wees vir enige skade veroorsaak waar sodanige eienskap, versuim, defek of gevaar nie ten tye van lewering van die produk deur die Verkoper aan die Kliënt bestaan het nie.

33. VRYWARING:

Die partye plaas op rekord dat inaggenome die doel van die produk aldus aangekoop, die gevolgskade in die geval van enige verbreking deur die Verkoper, astronomies mag wees. Indien die Verkoper aanspreeklikheid sou aanvaar vir sodanige gevolgskade, sal dit 'n wesenlike impak hê op die koste van die produk vir die Kliënt. Die Kliënt verkies derhalwe om die aanspreeklikheid van die Verkoper ten opsigte van alle verbrekings, te beperk tot die kostelose vervanging van die produk, of terugbetaling van die koopprys ontvang vanaf die Kliënt, aan die Kliënt (ter keuse van die Kliënt).

34. BEPERKING VAN DIE VERKOPER SE AANSPREEKLIKHEID:

34.1 Die Verkoper sal toesien dat die gelewerde produk ooreenstem met die ooreengekome beskrywing.

34.2 Die Kliënt onderneem om homself/haarself/hulself binne 5 (vyf) dae na lewering te vergewis van al die relevante eienskappe van die produk, soos beskryf in die Verkoper se katalogus, beskikbaar by die Verkoper se agent en/of webwerf en welke beskrywing geag sal word as voldoende openbaarmaking van alle patente en latente eienskappe van die produk en die Verkoper tender aanvullend om enige navrae in hierdie verband gerig, aan te spreek.

34.3 Die produk sal voldoen aan alle statutêre gehalte vereistes spesifiek van toepassing daarop.

34.4 Die Verkoper sal derhalwe nie aanspreeklik wees vir enige nie-nakoming ten opsigte van die aspekte uiteengesit in klousule 34.2 nie.

35. TEKORTE:

35.1 In die geval van enige tekorte van die produk vir welke rede ook al:

35.1.1 sal die Verkoper redelike stappe neem om die Kliënt so spoedig en prakties doenlik in kennis te stel daarvan;

35.1.2 die Verkoper sal alternatiewe produk teen die lysprys van sodanige produk aan die Kliënt aanbied; en

35.1.3 die Kliënt sal onder geen omstandighede enige eis teen die Verkoper hê voortspruitend uit tekorte van die produk, indien sodanige tekorte buite die Verkoper se beheer is.

35.2 Aanvullend hiertoe bly die toekomstige aanbod en beskikbaarheid van produk dinamies, onvoorspelbaar en buite die beheer van die Verkoper. Die Verkoper sal derhalwe nie aanspreeklik wees vir enige vroeë, laat, kort of onvoldoende lewerings en/of onvermoë om te lewer nie.

35.3 Die Kliënt sal in die hantering van die produk, homself/haarself/hulself vergewis van en voldoen aan alle statutêre voorskrifte.

36. AFKOELPERIODE:

Indien enige transaksie die gevolg is van direkte bemarking deur die Verkoper se agent en indien sodanige transaksie onderhewig is aan die VBW, sal die Kliënt geregtig wees om die transaksie skriftelik te kanselleer binne 5 (vyf) besigheidsdae na sluit van die transaksie of 5 (vyf) besigheidsdae na die lewering van die produk. Die Kliënt sal enige produk gelewer, op eie koste en risiko terug lewer. Die Kliënt sal enige betaling deur die Kliënt gemaak terugbetaal binne 15 (vyftien) besigheidsdae na sodanige teruglewering of indien geen produk afgelewer is, 15 (vyftien) besigheidsdae na ontvangs van die kennisgewing van kansellasie.

37. REGSKOSTE:

Indien enige party regskoste aangaan ten einde die ooreenkoms af te dwing, sal die onsuksesvolle party die regskoste van die suksesvolle party betaal op 'n prokureur-en-kliëntskaal.

38. GEWONE TAAL:

Die Kliënt bevestig dat hierdie ooreenkoms in gewone taal en verstaanbaar is, alternatiewelik bevestig dat hy/sy/hulle (die Kliënt) bewus is van die reg en geleentheid om enige klousule deur die Verkoper te laat verduidelik.

**TOEPASSING VAN TERME EN VOORWAARDES**

39. TOEPASLIKHEID OP ALLE TRANSAKSIES:

39.1 Die Kliënt bevestig hiermee dat hy/sy/hulle kennis dra van die bogenoemde terme en voorwaardes, dat hy/sy/hulle gemagtig is om hierdie ooreenkoms te onderteken en dat hy/sy/hulle voldoende geleentheid gehad het om die terme en voorwaardes te bestudeer en oorweeg voor ondertekening van die ooreenkoms. Deur ondertekening van die ooreenkoms word bevestig en ooreengekom dat hy/sy/hulle die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms gelees het, dit verstaan en aanvaar en welke terme en voorwaardes van toepassing sal wees op alle bestellings en aankope op die Kliënt se rekening of andersins.

39.2 Die partye kom ooreen dat vir ŉ onbepaalde tydperk enige latere transaksies tussen hulle aangegaan onderhewig sal wees aan hierdie terme en voorwaardes en welke by elke sodanige transaksie geïnkorporeer sal word deur verwysing.

40. BINDENDE OOREENKOMS TEEN ONDERTEKENING DEUR DIE KLIËNT:

Die Verkoper bied aan om met die Kliënt te kontrakteer op die terme en voorwaardes vervat in hierdie ooreenkoms. Teen ondertekening van hierdie dokument aanvaar die Kliënt sodanige terme en voorwaardes en ŉ geldige en bindende ooreenkoms sal dan tot stand kom. Die Verkoper sal nietemin hierdie ooreenkoms mede-onderteken maar enige versuim om so te doen, sal nie die geldigheid van hierdie ooreenkoms raak nie.

41. INKORPORASIE DEUR VERWYSING:

Dit word bevestig dat die terme en voorwaardes hierin vervat geïnkorporeer word en van toepassing sal wees op alle verkope gemaak deur die Verkoper aan die Kliënt.

42. BEPERKING VAN RISIKO:

Die Kliënt erken dat hierdie ooreenkoms die Verkoper se moontlike aanspreeklikheid, oordrag van risiko en aanspreeklikhede teenoor die Kliënt beperk sowel as die Verkoper skadeloos stel en feitlike erkennings deur die Kliënt bevat, welke as sulks deur die Kliënt aanvaar word.

43. ARBITRASIE:

43.1 Die Verkoper sal in hulle uitsluitlike diskresie geregtig, maar nie verplig wees om enige dispuut voortspruitend hieruit vir finale beregtiging te verwys vir arbitrasie ingevolge hierdie klousule 43.

43.2 Sodanige arbitrasie moet gehou word:

- 43.2.1 te Johannesburg of sodanige alternatiewe plek deur die Verkoper genomineer;
- 43.2.2 ingevolge die wyse voorgeskryf deur die Arbiter soos per klousule 43.5 hieronder;
- 43.2.3 stiptelik, met die oogmerk om die arbitrasie binne 45 (vyf en veertig) besigheidsdae vanaf die datum waarop die dispuut vir arbitrasie verwys is te finaliseer of sodanige langer tydperk bepaal deur die Arbiter; en
- 43.2.4 onderhewig aan die voorskrifte van die Arbitrasiewet 42 van 1965, soos gewysig behalwe waar andersins bepaal word ingevolge die klousule 43;

43.3 Die Verkoper sal 3 (drie) Arbiters nomineer en die Kliënt skriftelik in kennis stel daarvan, welke kennisgewing aan die Kliënt by wyse van epos aan die genomineerde epos adres soos vervat in klousule 16 van die aansoek om krediet voorsien, versend sal word. Die persone genomineer sal praktiserende advokate wees met minstens 10 (tien) jaar se ervaring en/of afgetrede Regters.

43.4 Die Kliënt sal binne 5 (vyf) besigheidsdae vanaf die datum van versending van die gemelde skriftelike kennisgewing, 1 (een) van die 3 (drie) genomineerde Arbiters kies om aangestel te word as Arbiter, by versuim waarvan die Verkoper geregtig sal wees om 1 (een) van die 3 (drie) genomineerde Arbiters aan te stel as Arbiter.

43.5 Die partye sal binne 5 (vyf) besigheidsdae vanaf die aanstelling van die Arbiter ingevolge klousule 43.4 of so spoedig doenlik daarna op ŉ datum geleë vir die Arbiter, ŉ voor-arbitrasie konferensie met die Arbiter skeduleer ten einde ooreen te kom op:

- 43.5.1 ŉ tydtafel vir die wisseling van pleitstukke en blootlegging;
- 43.5.2 wanneer die arbitrasie gaan plaasvind;
- 43.5.3 die wyse waarop en tydtafel vir die saamgestelde verhoor-bundel om aan die Arbiter beskikbaar gestel te word; en
- 43.5.4 die wyse waarop getuienis gebied gaan word.

43.6 Die partye sal die koste vir die lokaal waar die arbitrasie plaasvind sowel as die opname en transkribering van die verrigtinge in gelyke dele betaal, onderworpe aan klousule 43.8 hieronder.

43.7 Die partye kom verder onherroeplik ooreen dat die beslissing van die Arbiter in sodanige arbitrasie verrigtinge finaal en bindend op hulle sal wees en dat daar geen reg van appèl ten opsigte van sodanige beslissing sal wees nie en dat beide partye geregtig sal wees om die beslissing / toekenning ŉ bevel van die toepaslike Hof te laat maak.

43.8 Die Arbiter sal geregtig wees om in sy / haar diskresie ŉ koste bevel te maak.

44. OPENBAARMAKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING:

44.1 Die Kliënt verstaan dat persoonlike inligting voorsien in die aansoek om krediet deur die Verkoper van gebruik gemaak sal word vir doeleindes van die aflê van ŉ krediet assessering.

44.2 Die Kliënt stem hiermee toe en gee die Verkoper die nodige magtiging om ondersoek in te stel rakende die Kliënt se krediet-rekord sowel as die gepaardgaande soeke met enige krediet agentskap of party welke die Verkoper ingevolge hulle diskresie nodig en/of doeltreffend ag om onder andere die Kliënt se kredietwaardigheid te bepaal of die Kliënt en/of hy/sy/hulle bates op te spoor.

44.3 Die Kliënt bevestig dat die inligting deur hom/haar/hulle voorsien in die aansoek om krediet akkuraat en volledig is. Die Kliënt stem verder in om die inligting voorsien op te dateer soos en wanneer nodig ten einde die akkuraatheid van die gemelde inligting te verseker, by versuim waarvan die Verkoper nie aanspreeklik sal wees vir enige skade gelei deur die Kliënt as gevolg van enige onakkurate inligting deur die Kliënt aan die Verkoper voorsien nie en die Verkoper behou hulle regte voor om die ooreenkoms met onmiddellike effek en sonder verdere kennis, te kanselleer.

44.4 Die Verkoper sal geregtig wees, welke die kliënt hiermee toestem, om te alle tye kontak te maak en inligting te versoek van enige persone, krediet buro's of besighede, insluitende sodanige besighede genoem in die aansoek om krediet en om enige inligting relevant tot die Kliënt se krediet assessering, insluitende, maar nie beperk nie, tot inligting rakende die waarde van aankope vanaf ander verskaffers per maand, die tydperk van sodanige besigheidsverhouding, die aard van die goedere aangekoop of dienste gelewer en betaal terme, te bekom.

44.5 Die Kliënt stem toe en verstaan dat inligting voorsien op 'n vertroulike basis aan die Verkoper deur 'n derde ten opsigte van die Kliënt nie aan die Kliënt geopenbaar gemaak sal word nie.

44.6 Die Kliënt stem hiermee toe en magtig die Verkoper om te alle tye inligting met betrekking tot die Kliënt se krediet handelinge met die Verkoper aan 'n krediet buro en enige ander derde partye wat sodanige inligting versoek ingevolge handelsverwysings, te voorsien.

44.7 Die Kliënt onderneem om nie enige reklame in die publieke media, radio of televisie of om enige party aan wie die Kliënt produk verskaf, enige handelsmerk of produk van die Verkoper sonder die Verkoper se voorafgaande skriftelike toestemming, te adverteer nie.

44.8 Die Kliënt stem verder toe dat die verbreking van die klousule die gevolg sal hê dat die Verkoper die ooreenkoms met onmiddellike effek mag kanselleer.

44.9 Die Verkoper sal geregtig wees om enige nadelige krediet inligting ten opsigte van die Kliënt by enige agentskap of persoon aan te meld. Die Kliënt stem daartoe in dat die Verkoper die bestaande rekening by krediet agentskappe kan meld en die besonderhede van die omvang van die rekening voorsien word aan en gedeel word met ander persone vir verskeie doeleindes.

44.10 Die Kliënt erken dat die Verkoper verplig sal wees om sodanige inligting en dokumentasie soos vanuit regsweë verlang van die Kliënt te openbaar en weer te gee, insluitende die werking en die aard van die transaksies met die Verkoper. Sodanige openbaarmaking sal onder andere insluit die bepalings van die Finansiële-Intelligensiesentrum Wet 38 van 2001, Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Nr. 4 van 2003 en ander toepaslike wetgewing van tyd tot tyd.

44.11 Die Kliënt erken dat die vordering, versameling, prosessering, stoor en openbaarmaking deur die Verkoper van die Kliënt se persoonlike inligting uitgevoer word vir doeleindes van die sluit en uitvoer van die ooreenkoms, soos vereis word deur die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Nr. 4 van 2013.

**Handtekening**

IN SODANIGE GEVAL DAT DIE VBW TOEPASSING VIND, ERKEN EN AANVAAR DIE KLIËNT DAT DIE VERKOOPSOOREENKOMS DIE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE VERKOPER BEPERK, RISIKO EN AANSPREEKLIKHEID OP DIE KLIËNT PLAAS EN VRYWARINGS EN FEITELIKE ERKENNINGS DEUR DIE KLIËNT BEVAT, WELKE ALDUS AANVAAR WORD.

Geteken te ______________________________ hierdie _____ dag van _____________________ 20_____

___________________________________ Naam: ___________________________________

(Handtekening van die Kliënt of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger)

(DRUKSKRIF)
DIE KLIËNT

Posbenaming: ___________________________________

GETUIE:

Volle naam: ___________________________________________ ___________________________

Bevestig hiermee dat die Kliënt in my teenwoordigheid onderteken het. (Handtekening)

GETUIE:

Volle naam: ___________________________________________ ___________________________

Bevestig hiermee dat die Kliënt in my teenwoordigheid onderteken het. (Handtekening)

Geteken te ________________________________ hierdie _____ dag van ______________________ 20_____

_____________________________________
(Handtekening van die Verkoper se gemagtigde verteenwoordiger)

Naam: ____________________________________
(DRUKSKRIF)

Posbenaming: ____________________________________